Gepubliseer in Die Landbouweekblad, Woensdag 28 Okt. 1936, onder titel „Geskiedkundige Feite oor ons eerste merinos".

Ons Eerste Merino's.

191.A.1(40)

Die ekonomiese beteekenis van die merinoskaap vir Suid-Afrika, en vir ander jong lande soos Australië, Nu-Seeland, die ~~Suide Amerikaanse~~ Suid- en die Noord-Amerikaanse gewesté, kan nie maklik oorskat word nie. In die verlede het dit reeds 'n vernaamme inkomste vir hierdie lande weegebring, en op die huidige dag vorm dit nog steeds 'n belangrike ekonomiese bate. Oor die invoer van die merino in die westé van die bogenoemde lande is daar reeds heelwat geskryf, maar — eienaardig genoeg — oor die eerste invoer in Suid-Afrika is daar nog heel weinig té boek gestel, sodat dit tot nou toe grotendeels in duisternis gehul was en byna heeltemal onbekend gebly het. Lesers van die Landbouweekblad, ons vooraanstaande boere-tydskrif, sal ongetwyfeld hierin belangstel, en dus wil ons probeer om op grond van ou dokumente, en ander minder bekende geskrifte, 'n duidelike en oorsigtelike beeld té gee van hoe die eerste goeie merino's hulle weg na ons land gevind het en wat daarna van hulle geword het.

Die allereerste wolskape in ons land, tw. tien stuks in getal, is reeds in die jaar 1657 — dus vyf jaar ná die stigting van die volksplanting aan die Kaap — deur kommissaris Rijckloff van

Goens uit Holland hierheen gebring.[1]
Soos ons sien, was dit maar 'n baie klein kuddetjie, en dit is boëndien nie deur sistematiese invoer vermeerder nie. Die diere is ook nie suiwer gehou nie, maar het spoedig met die hariege inheemse skape vermengd, sodat daar ná verloop van 'n paar jaar geen opregte Hollandse wolskape meer ~~te~~ aan die Kaap te vind was nie. Hierdie skape, alhoewel woldraend, was egter ook nog gladnie merinoós nie, aangesien die goeie merino-ras in dié dae nog tot Spanje beperk was en ~~nog~~ selfs nie eers in Holland ingevoer was nie.[2] Op grond van dit alles kan ons hierdie vroeë invoer van wolskape buite rekening laat. Die suiwere merino sou eers veel later na ons land voorgebring word.

Dit het geskied sowat ses jaar voordat die Kompanjiesbewind aan die Kaap geëindig het, dus in 'n tyd toe die voorheen so magtige Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie reeds ~~in~~ na sy val gewaggel het. Waar die Kompanjie in 'n benarde finansiële toestand verkeer het, lê dit vryweel voor die hand dat hy nie groot somme geld sou gaan spandeer om

---

1) Rapporten van Kommissarissen, 1657-1764, pp. 51a en 43.

2) Reinders (Schapen- en Varkensteelt, p. 47) deel meer dat die merino sowat 130 jaar later in Holland ingevoer is.

die Kaapse kolonisté van goeie stoetskap te voorsien nie. 'n Mens kan dus al verwag dat die invoer van merinos buité die oorheid om sou gestreef het, en dat die Kompanjie geen belangrike aandeel daarin sou geneem het nie. Dit word inderdaad deur die feite bevaarbaar.

In 1789 het kolonel Gordon, wat as militêre bevelhebber vir die Kompanjie aan die Kaap diens gedoen het, van die „Hollandsche Maatschappij tot Nut van 't Algemeen" 'n aantal Spaanse merinos, (twee ooie en twee ramme,) ontvang waarmee hy proefnemings wou maak.[3] Die kostbare diere het hy op die goewernementsplaas in Groenkloof (di. naby die teenwoordige Malmesbury) geplaas, waar hulle apart en suiwer gehou is en spoedig vermeerder het. Gordon, as militêre gesagvoerder, moes in dié tyd egter aan verskeie ander nietes belangrike sake aandag gee: Nederland moes klaarmaak vir oorlog met Engeland en ook aan die Kaap moes voorbereidsels getref word, en daarby moes met rowende Boesmanbendes van die binneland afgereken word. Onder sulke omstandighede hoef dit ons nie te verwonder nie dat Gordon nie veel van

3) Sien Von Bouchenröder, Berigt over de Kaap, p. 23. Vgl. ook briefwisseling in Brown, Sheepbreeding, p. 94.

sy voorgenome proefnemings met merino's uitgevoer het nie.

Kortliks was die Kaap in 1795 deur Engeland verower of kol. Gordon het om onverstaanbare redes sy hand aan sy eie lewe geslaan. Sy vyande het bewee dat hy verraad gepleeg het en die twellings van sy gewete nie kon verdraa nie, maar gunstiger gesindes het die roekelose daad uit sy gehegtheid aan die vorige regering verklaar: hy sou nl. bitter daarin teleurgestel gewees het dat die regering aan die Kaap voortaan in naam van die Britse kroon sou geskied.[4] Sy weduwee het nou besluit om na Europa terug te keer, en in 1797 is die besittings van Gordon verkoop, daaronder ook die merino-kuddetjie.

In hierdie tyd was daar toevallig 'n paar besoekende skepe in Tafelbaai. Twee hiervan, die Reliance onder aanvoering van kapt. Waterhouse en die Supply onder kapt. Kent, het op vertrek geslaan na Australië. Die Reliance het boonwyn 'n kommissaris aan boord gehad, wat belas was met die taak om stoetvee vir Nu-Suid Wallis aan te koop. Beide Waterhouse en Kent was persoonlike vriende van John Macarthur, die groot-

4) Vgl. Theal, History of South Africa before 1795, III, p. 277.

en onvermoeide pionier van die merinoboerdery in Australië, en toe hulle voorheen van Nu-Suid Wallis vertrek het, het Macarthur hulle spesiaal versoek om aan die Kaap navraag te doen of daar nie goeie merinos verkry kon word nie.[5] Verder het ook die Brittannia in Tafelbaai geanker gelê, met kapt. King en kol. Paterson aan boord op weg na Engeland. King en Paterson was weer persoonlike bekendes van kol. Gordon, en het kennis gedra van sy dood en die aanstaande tenghtee van sy weduwee na Europa.[6] Dit spreek dus vanself dat die verkoop van die Gordon-merinos by al hierdie besoekers heelwat belangstelling sou gewek het.

Aan kapt. King en kol. Paterson, die kennisse van haar oorlede eggenoot, het mevr. Gordon elk drie skape persent gegee, en die oorige – 26 in getal – aan die kommissaris van Nu-Suid Wallis te koop aangebied, wat egter nie bereid was om hulle ten behoewe van sy regering oor te neem nie. Maar kapt. Waterhouse, ongetwyfeld gedagtig die versoek van John Macarthur, het

---

5) Sien brief van Macarthur in S. Macarthur Onslow, Early Records of the Macarthurs of Camden, p. 59.
6) Vgl. Brown, Sheepbreeding, pp. 93-94.

ingesien van watter groot waarde die skape vir Nu-Suid Wallis kon wees, en daarom planne gemaak om die diere vir daardie land te bemagtig. Hy kon dit alleen nie bekostig om almal te koop nie, maar het met kapt. Kent ooreengekom dat hulle om die helfte sou gaan: so het elkeen dertien stuks teen £4 stuk gekoop.

Die drie skape van King is aan boord die Reliance gebring om na Australië verskeep te word, maar hulle is reeds aan die Kaap deur siek skape aangesteek en het op die reis almal omgekom. Paterson het sy drie stuks as 'n geskenk aan sir J. Sinclair na Engeland geneem. Die dertien stuks van Kent is na Australië verskeep, maar tydens die reis het hulle byna almal om die lewe geraak. Waterhouse het sy dertien ook met die Reliance na Australië vervoer, maar hulle is deur die skape van King besmet en enige het ook omgekom. Die res het hy egter veilig in Nu-Suid Wallis geland.

Daar aangekom het Waterhouse die klompie aan die goewerneur aangebied, maar hy wou hulle nie aankoop nie, blykbaar „satisfied that they were in the colony". Daarna het John Macarthur vyftien guineas stuk aangebied, op voorwaarde dat

by almal son ontvang, maar hiermee wou Waterhouse nie instem nie, aangesien hy die merinos onder verskeie mense wou verdeel. Daar die kuddetjie vinnig aangeteel het, en sorg gedra is om die aanteel suiwer te hou, kon Waterhouse met verloop van tyd 'n hele aantal mense in Australië van goeie wolskape voorsien, o.a. Kent, Macarthur, Marsden, Laycock, Williamson, Rowley, Moore, en, om sy eie woorde te gebruik, „any person who wished to have them". Toe hy later van Australië vertrek het, het hy die res van die kudde aan 'n setere Cox verkoop, met uitsondering van enige ramme en ooie wat weer na Macarthur gegaan het.[7] Op dié manier het 'n hele aantal Australiese wolskaapboeriers stoetskape ontvang uit die merino's wat oorspronklik van die Kaap gebring is, of van die aanteel daarvan. Daarom is die bewering, wat 'n mens soms hoor, dat Australië aanvanklik stoetskape van die Kaapkolonie ingevoer het, ook volkome juis.

Dit is natuurlik nie genoeg om van die merino's, wat Gordon uit Holland gekry het, in die algemeen as

---

7) Dieselfde, bl. 94-95. Ook S. Macarthur Onslow, Early Recs. of the Macarthurs of Camden, p. 59.

goeie wolskape te praat nie; 'n mens wil graag meer besonderhede omtrent hulle, veral omtrent hul wolgehalte, te weet kom. Gegewens hierdoor is baie skaars, maar op grond van die beskikbare ~~gegewens~~ informasie kan 'n mens tog heelwat lig hierop werp. Dit is bepaald besonder belangwekkend om te vernem dat hulle uit die eerste invoer van Spaanse merinos in Holland afkomstig was, en tot die Eskuriale tipe[8] van merino behoort het.[9] Alhoewel hierdie merino nie groot en sterk van gestel is nie, het dit tog weens sy wolfynheid besonder beroemd geword, en het veral in Duitsland buitengewone opgang gemaak, vanwaar dit later weer herhaaldelik na Suid-Afrika, Australië en ander lande uitgevoer is.

In Australië het die merinos van die Kaap besonder hoog aangeskrewe gestaan. Meer as enige iemand anders het Macarthur nougesette proefnemings daarmee uitgevoer. Enersyds het hy die ras suiwer gehou en voortgeteel, en andersyds het hy kruisings met ander rasse gemaak, wat hy spesiaal vir dié doel ingevoer het. Toe hy in 1801 monsters

---

8) ~~Dit het~~ ~~Dus praat~~ Hierdie benaming het in algemene gebruik gekom omdat die betrokke merino-tipe oorspronklik by die Spaanse kloster Escurial geteel is.

9) Spilhaus, Wool (The Cape of Good Hope Official Handbook, 1886, p. 247).

van die deur hom geproduseerde wol na Engeland gestuur en aan 'n komitee van deskundiges voorgelê het, het hy 'n baie gunstige rapport daaroor ontvang: „the merino wool was equal to any Spanish wool and the Crossbred of considerable value".[10] Die voorbeeld van Macarthur was vir die ander mense, wat ook van die stoetskape ontvang het, natuurlik 'n krachtige aansporing, en hoewel hulle op kleiner skaal gewerk het, het hulle tog in dieselfde rigting gegaan. Aangesien hulle veral daarop gelet het om die ras suiwer te hou, kon hulle ook wol van 'n buitengewoon hoë gehalte voortbring.

Sir William Macarthur, 'n seun van die energieke en ondernemende Australiese baanbreker, het in 1866 die mening uitgespreek dat die kuddetjie van die Kaap die mooiste merino's was wat tot dan toe in Australië ingevoer was: die vliese het 'n besondere fynheid, eweredigheid en veerkrag met 'n westelik noemenswaardige lengte verenig. Hy het daaraan toegevoeg dat dit ontkenseglik vaststaan dat die goeie wolgehalte

10) S. Macarthur Onslow, Early Recs. of the Macarthurs of Camden, p. 59. Ook p. 63 ev.

van verskeie Australiese kuddes tot 'n groot mate aan die Kaapse merino's toe te skryf is.[11] Selfs in 1890 skryf Brown, een van die bekendste outoriteite oor die ontwikkeling van die Australiese skaapboerdery, dat afstammelinge van hierdie merino's nog in die beroemdste kuddes van die Mudgee-distrik gevind word.[12] 'n Mens kan die prima-gehalte van die Gordon-merino's dus vir geen oomblik betwyfel nie.

Uit die voorgaande mag die voorkom asof die skenking en verkoop van die merino's aan vreemdelinge beteken het dat hulle vir ons land verlore was en geen noemenswaardige invloed hier gehad het nie. Dit was egter gelukkig nie die geval nie. In 1792 het die ~~drie~~ gebroeders ~~broers~~ Van Reenen, wat in die weste van die Kolonie 'n gesamelike boerdery gedryf het, drie merinoramme van Gordon gekry wat hulle dadelik by 300 uitgesoekte Kaapse ooie, sover moontlik ongevlek en wit van kleur, gepaar het. Sodoende het hulle sistematies en doelbewus begin opteel. Gepaard met die ontbinding van die vennootskap in 1795 het 'n verdeling van die skape gegaan. Die broers Jan

*

11) Brown, Sheepbreeding, pp. 96-97.
12) Dieselfde.

Gysbert en Sebastiaan Valentyn, het elk 150 basters ~~Spaanse~~ merino-ooie en twee opregte ramme ontvang. Sebastiaan Valentyn het bowendien ~~vóór~~ die dood van Gordon nog twee opregte ooie van hom verteg, en hy was dus die enigste in die Kolonie wat sowel ramme as ooie van die opregte soort gehad het; na verloop van enkele jare was hy ook die eerste met die veredelingsproces gevorder.[13]

Die merinoskape het goed geaard, en selfs die basterskape het veel goeds beloof. Kommissaris Nederburgh, wat die Kaap in 1792 saam met Frykenius besoek het, het later meegedeel dat die wol van die opregte ras ses duim lank geword het en dié van die basterras reeds vier duim. Hierteenoor was die ~~wol~~ growwe gemengde wol van die meerderheid van die ~~ts~~ inheemse Kaapse skape maar een duim in lengte, en duidelike bewyse was dus gelewer van wat met 'n verstandige verbetering bereik kon word.[14] Dat sóm verbetering reeds by vroeë grade van vebastering moontlik was, was 'n verblydende feit, want met behaalde gebruik van opregte ramme by die produkte van

---

13) Vgl. Van Ryneveld, Verbetering van het Vee, 1804 (B.R. No. 123), pp. 17-18. Ook Von Bouchenröder, Berigt over de Kaap, pp. 23-24.

14) Von Bouchenröder, Berigt over de Kaap, p. 24.

verdere grade van verbastering kon die ~~verbastering~~ wollgehalte steeds verder verbeter word. Dit is dan ook in hierdie rigting dat die teelt geskiet is. Daarby het die opregte skape van Sebastiaan Valentyn van Reenen deur aanteel vermeerder, en hy het daarvoor gesorg dat hulle suiwer gehou is. Daarom was hy in staat om baie van sy medeburgers van eersteklas merino-stoetskape te voorsien. Tydens die Britse bewind aan die Kaap, 1803-1806, was hy een van die vernaamste raadgewers van die Regering in verband met die verbetering van die skaaprasdwarsdeur die Kolonie. Aldus het die Van Reenen-broers — maar hy uitsteek Sebastiaan Valentyn — ~~en~~ ~~ons~~ ~~basis~~ ~~enkele~~ ~~van die~~ ~~merinos~~ ~~uit~~ die enkele van die merinos wat hulle in 1789 in hul besit getoy, ~~gedoen~~ ~~het~~ ~~in 1789~~ ~~ingeneer~~ ~~was~~, het, skitterende baanbrekerswerk in Suid-Afrika gedoen om die wolskaapboerdery hier te vestig en tot 'n lonende bedryf te maak.

Al het die meerderheid van Gordon se merinos ons land weer verlaat, was die klompie, wat hier agtergebly het, dus tog van groot beteekenis in verband met die ontwikkeling van ons skaapboerdery. Net soos in Australië was hulle ook in Suid-Afrika die eerste werklik goeie merinos. Deur preserwasie van die ras en deur 'n

sorgvuldige toestand het hun
invloed in ons land vruchtbaar inwerken.